# Afrikaanse Protestantse Kerk

Rig alle korrespondensie i.v.m. hierdie skrywe aan die Gemeenskaplike Kerkkantoor vir aandag van:
Ds. JL Schütte
direkteur@apk.co.za

27 Februarie 2020

**OMSENDBRIEF 4/2020**

## SUSTERSKONFERENSIE

**Aan alle skribas vir aandag van die sustersaksie**

AP Kerk Potchefstroom is baie dankbaar vir die voorreg om die eerskomende Susterskonferensie aan te bied. Ons sien baie opgewonde daarna uit om elke suster van ons kerkverband in 'n ontspanne vrou-alleen, Christelike gees te ontvang. Vorige konferensiegangers ontmoet mekaar weer. Ons wil 'n versoek rig tot elke gemeente om soveel moontlik susters te stuur om hierdie wonderlike geleentheid met ons mee te maak.

**DIE TEMA:** ***GEDISSIPLINEERDE CHRISTENSKAP (1 Kor. 14:32, 40)***

**Datum:** *DV 6-9 Oktober 2020*

**Plek:** *Manzini Wildlife terrein, op die R54 Vereeniging/Potchefstroom-pad, www.manziniwild.co.za Koördinate: 26°40'54.3"S27°13'51.2E.* Dit is 'n baie moderne en skoon kampterrein.

**Registrasie:** Dinsdag 6 Oktober 2020 vanaf 13:00 tot 14:30. U kan vroeër kom as u wil. Daar sal koffie, tee, beskuit, water en sap beskikbaar wees tydens die registrasie.

**Konferensiefooi:** R950,00 vir die **vier** dae; R300,00 per dagbesoeker.

**Inskrywings sluit:** 17 Augustus 2020. 'n Minimum deposito van R450,00 is betaalbaar. Hierdie deposito is nie terugbetaalbaar nie.

**Opening:** Dinsdag 6 Oktober 2020 om 15:00

Daar is 'n inskrywingsvorm wat asseblief voltooi moet word. U kan dit faks na 018 290 5176 of 086 655 2657 of e-pos na: trucois@iafrica.com en potchefstroom@apk.co.za. Die uitstaande balans van die konferensiefooi moet asseblief nie later nie as 31 Augustus 2020 inbetaal wees.



**Posadres:** Gemeenskaplike Kerkkantoor • Posbus 25139 Monumentpark 0105
**Straatadres:** Makoustraat 516 Monumentpark X2 0181 ☎ (012) 362-1390 (012) 362-2023

**Bankbesonderhede:** VROUEDIENS APK POTCHEFSTROOM, ABSA BANK – TAKKODE 632005 – REKENINGNOMMER 9069275651; VERWYSING: GEMEENTENAAM/INDIVIDU SE VAN + KONFERENSIE
Faks/e-pos asseblief ook u bewys van betaling. Ons wil nie graag met kontant werk nie. Bankinbetalings word waardeer.

**VERDERE BESONDERHEDE:**
Die Manzini kampterrein is maklik bereikbaar. Dit is 8 km buite Potchefstroom op die R54 Vereeniging/Potchefstroompad. Daar is 'n Chubby Chick plaasbord, daarna Hebron opheffingsprojek en direk daarna die houtpaal ingang van Manzini. Die grondpad is reguit op tot waar die pad na regs draai, reguit aan tot by die ingang van die kampterrein.

Ons kan vervoer reël vanaf OR Tambo-lughawe, Lanseria-lughawe asook in die dorpe waar busdienste op- en aflaai. Vervoerkoste sal addisioneel gekwoteer word.

Die drag is informeel. U moet asseblief onthou om u gemaklike skoene, 'n warm baadjie, kussing, beddegoed, handdoek, Bybel en gesangeboek, 'n flits, u medikasie, toiletware en mediesefondskaart in te pak. Ons sal die skryfbehoeftes vir elkeen voorsien. Daar is natuurlik ook 'n snoepie en kaartfasiliteite sal gedurende die konferensie beskikbaar wees.

Ons uitreikprojek gaan vir die AP Kerk Kinders van die Lig-projek. Ons benodig nie-bederfbare kos, of koopbewyse van Pick 'n Pay/Checkers/Spar. 'n Skyfievertoning van hulle werk sal ook Donderdag tydens die konferensie aangebied word.

Die Boekwinkel word ook genooi om tydens die konferensie boeke te verkoop. Goeie nuus is dat die boek: *Woord in die hart, Volume 3*, as nuwe publikasie teen 'n spesiale konferensieprys beskikbaar sal wees. Dit is 'n wonderlike hulpmiddel vir Bybelstudie en pas in by ons tema. As u dit kan bybring, sal dit wonderlik wees.

Ons sien daarna uit om u in Potchefstroom te ontvang. Die versoek by herhaling was dat ons die konferensie vir nog een dag langer sal aanbied. Ons het die versoek gehoor en nou gee ons uitvoering daaraan. Ons is baie opgewonde om meer tyd met mekaar te kan deurbring.

Tree asseblief enige tyd met Trudie Botha 083 282 7435 en/of Annamarie Gericke 060 962 5409 in verbinding. U kan gerus u nommers vir ons stuur vir die *WhatsApp*-groep waarop ons graag die Susterskonferensie wil akkommodeer.

**Groete in Christus**

**Trudie Botha - Voorsitster – Vrouediens Potchefstroom**.



**Posadres:** Gemeenskaplike Kerkkantoor • Posbus 25139 Monumentpark 0105
**Straatadres:** Makoustraat 516 Monumentpark X2 0181 ☎ (012) 362-1390 📠 (012) 362-2023

# INSKRYWINGSVORM

**AFRIKAANSE PROTESTANTSE KERK – SUSTERSKONFERENSIE 6, 7, 8 EN 9 OKTOBER 2020 – POTCHEFSTROOM**

***ELKE GEMEENTE MOET ASSEBLIEF DIE VORM INVUL EN DIE INBETALINGSBEWYS E-POS NA trucois@iafrica.com of faks na 086 655 2657 of 018 290 5176***

***Verwys asseblief op u inbetaling vir wie u oorbetalings doen, as u 'n groep inskrywing doen, dan asseblief u gemeente as verwysing andersins die naam van die individu as verwysing.***

**GEMEENTE: …………………………………..…………………… ASSEBLIEF NET OOK ELKE KONFERENSIEGANGER SE SELFOONNOMMER NA DIE VAN**

| VAN EN SELNR. | NOEMNAAM | OUDERDOM | DEPOSITO | VOLBETALING | DAGBESOEKER | TOTAAL |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | | | | |
| | | | | | | |
| | | | | | | |

| VOLTOOI ASSEBLIEF: SAMEROEPER SE GEGEWENS | GEMEENTE GEGEWENS: |
|---|---|
| Naam: | Naam: |
| Telefoon: | Telefoon: |
| Selfoon | Selfoon: |
| Faks | Faks: |
| e-pos | e-pos: |

**SPESIALE DIEET: AANTAL DIABETE ……………………… GEEN VARK ………………………… GEEN VIS …………..…………… VEGETARIERS …………..……………**

**ENIGE ANDER VOEDSELVERWANTE VERSOEKE : ……………….………………………………………………………………………………………………………………**

**Verskaf asseblief u nommers aan Trudie 083 282 7435 en Annamarie 060 962 5409 sodat ons u op die *WhatssApp*-groep kan plaas.**

**BANKBESONDERHEDE: APK VROUEDIENS POTCHEFFSTROOM ABSA TAKKODE 632005 REKENINGNOMMER 9069275651**



**Posadres:** Gemeenskaplike Kerkkantoor • Posbus 25139 Monumentpark 0105
**Straatadres:** Makoustraat 516 Monumentpark X2 0181 ☎ (012) 362-1390 📠 (012) 362-2023